

# Villa Nuus News

**Volume 1** | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Atree Oord



## Vakansie & Kersfees

### Hierdie uitgawe


| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| AANKONDIGING | 2 | REDAKTEUR BOODSKAP | 2 | GEESTELIKE BOODSKAP | 4 |
| IDIOME | 4 | VILLA VIBES | 5 | DESEMBER VAKANSIE | 6 |
| PHILIP VENTER | 7 | RESEP | 8 | ARBEIDSAKE | 9 |
| STEYNS | 10 | PEARL NKOSI | 11 | 40 JAAR GELEDE | 11 |
| HOBBY | 12 | DAG VAN DIE OOMS | 12 | HUMOR | 15 |
| SPELETJIES | 16 | | | | |


November 2024

# Bougainvilla Aankondiging

Dit was 'n uitsonderlike jaar van dankbaarheid. Ons oord is weer gekies, soos in 2016, 2018 en 2019, as die beste aftree-oord in Pretoria. Voorwaar 'n groot prestasie.


Met hierdie publikasie "Villa Nuus" word 'n verdere droom waar. Die redakteur en medewerkers vorm, soos u met hierdie eerste uitgawe kan sien, 'n formidabele span.

Dis die eerste maar ook die laaste uitgawe vir hierdie jaar. Daarna sal dit twee-maandeliks verskyn.

Blokleiers het 'n werklikheid geword en lewer reeds pragtige resultate. Ons weeklikse program van aktiwiteite toon die lewenskragtigheid van ons oord. Die lewering van gratis tuindienste aan ons inwoners het 'n werklikheid geword. Dan is daar ook nog ons koffiewinkel en braaiarea. Ons boorgat, met sy besproeiing in die noorde en beplande uitbreiding na die ooste. Vakansietyd lê voor. Almal wat reise gaan onderneem, ry versigtig, wees op u hoede en kom veilig tuis. As u met Jan-tuisbly-se-karretjie ry, geniet dit in ons oord, gebruik ons fasiliteite, kuier, gesels, braai, eet en drink. Ons beplan weer 'n kersliedere serenade deur die oord. Dank aan almal wat bydraes lewer om hierdie oord van ons 'n aangename suksesvolle oord te maak. 'n Geseënde Christusfees en voorspoedige nuwe jaar word u almal toegewens. Bowenal dank aan ons Hemelse Vader vir 'n wonderlike jaar van seëninge.

## Boodskap van die redakteur

Collins Cobuild defines a Village as a peaceful and secured settlement. The inhabitants are depended on each other and has the same attitude towards life. Met voorafgaande in gedagte, is dit merkwaardig dat 9 uit 28 voorstelle die woord Villa in gehad het. Die komitee het besluit dat VILLA NUUS/NEWS, die aangewese naam vir die koerant sal wees. Dankie vir elke voorstel. In die voorstel-proses het ons inwoners eienaarskap van VILLA NUUS/NEWS geneem. Ons gemeenskap is hoofsaaklik verantwoordelik vir die artikels wat hier geplaas is. Aan die adverteerders, baie dankie vir julle ondersteuning. Die inwoners van Bougainvilla is 'n onuitputlike bron van inligting, stories, en sêgoed (uit ons eie kontreie). Kommentaar en aanbevelings is welkom.



Die redaksie is :

**Flippie Fourie** - *Eenheid 147* (Redakteur)
**Willie Maree** - *Eenheid 246* (Bemarking en Advertensies)
**Gawie le Roux** - *Eenheid 140* (IT-man)
**Corrie Broodryk** - *Eenheid 1005* (Fotograaf)
**Danie Maré** - *Eenheid 164* (Addisionele Lid)

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

# MONTANA

## APTEEK+KLINIEK

## JOU WELSTAND KOM EERSTE

*Vertrou ons kliniek se kundigheid en gevorderde fasiliteite om uitsonderlike sorg te verskaf.*



**GRATIS AFLEWERING**

**BESIGHEIDSURE:**
Maandag & Dinsdag: 07:00 - 19:00
Saterdae: 08:00 - 18:00
Sondae & Publieke vakansiedae: 09:00 - 17:00

**KLINIEKURE**
Maandag & Dinsdag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Woensdag: 08h00 – 13h00 en 16h00 – 19h00
Donderdag & Vrydag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)
Elke Saterdag: 08h00 - 13h00

012 548 1721/0270/1836 | 060 736 3010 | montana@arrienel.co.za

Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
**montana@arrienel.co.za | www.arrienel.co.za**

MOPANI PHARMACY | ARRIE NEL PHARMACY GROUP Family Values, | thrive better than well Pharmacy | Health Shop | Clinic

# Geestelike boodskap

Eggnor Egon

Here dit is vir my so mooi wanneer 'n boer sy kosbare koei help om te kan half, sodra hy agterkom sy sukkel. Hy trek die kalf versigtig uit die ma en sit die kalf saggies op die grond neer. Daarna is hy baie sorgsaam oor die aanwas van sy kudde. So is U Here, sorgsaam wanneer ons die wedergeboorte ervaar.

Ek wil U loof Skepper van alle dinge, wat my laat lewe het toe die vyand my al in die moederskoot wou vermoor en vernietig. U het my toe al beskerm, terwyl ek niks geweet of gevra het nie. Heeltemal niks nie. Ek dra nog die littekens, die bewyse, van waar U my God, oral in my lewe my beskerm en bewaar het.

U het my beveel om te lewe, en hier is ek al in die ouderdom. Ek wil U aanbid en eer, want U kan wonderwerke doen. Daar is niks wat vir U onmoontlik is nie. Wie is ek dan dat U al die tyd aan my gedink het. Ek wie niks is nie. Leer my meer aangaande U grootheid sodat ek U beter kan dien.

Die Here blok my gedagtes en ek sal die dag van die môre nie vrees nie. Die tyd op die aarde is so baie kort en ons is so beheb met ons eie probleme. U heilige gees leer ons om die laaste paar treë op aarde vrugbaar te lewe.

Ons gemeenskap het U liefde so dringend nodig. Help my om U liefdessuurdeeg te kan versprei, want ek glo dat U nie verniet my lewe gered en beskerm het nie. U het 'n saak met my en met diegene wie U vir my gegee het. Ek wil so graag die wil van die Gees tussen die mense dra. My lewe moet getuig van dankbaarheid teenoor U wie my beker laat oorloop.



Dit is sleg om elke dag te kerm oor dit wat nie lekker is nie, en ek wil dit nie doen nie, help my asseblief. Die lewe wat U my gegee het , wil ek weereens aan U toevertrou. U is die bron van alle lewe.

**U laat my lewe.**

**Meer aangaande Eggnor.*

.

Eggnor is blind en het 'n tikprogram genaamd, "Jaws" gebruik om te kon tik. Ongelukkig is die program nie meer beskikbaar nie, maar gelukkig is Eggnor se werke in boekvorm gebind.

# IDIOME

- **Plas en plooi,** is fyn beplan en spaarsamig met jou geld werk.
- **Duifie sonder gal**, word gesê van iemand wat onskuldig is.
- **Hy is bok op die muur** – hy is neutraal.
- **Die beeste het in die brand geloop** – skertsend gesê as koffie sonder melk bedien word.
- **Nes 'n aasvoël**, word gesê van 'n gas wat net na ete vertrek.
- **Bokhorings maak**, word van iemand gesê wat sweer.
- **Slaap soos 'n haas**, baie lig slaap.
- **Hy het as op sy toon**, word gesê as 'n man se gulp oop is.




## *Villa* VIBES

Villa Nuus jou lekker ding
Skielik hier uit die Bougainvillas gespring,
hoor jy gaan glo vir ons al die nuus bring.
Wag lankal vir jou met hande gewring,
om almal van ons se nuuskierigheid te bedwing
Om te weet wat gaan aan hier in ons eie kring
Selfs van die wyer wêreld kry ons dan inligting
Ons wil weet wie verjaar, wie lag en wie sing
Selfs van ons mense se hartseer, pyn en lyding
Welkom ou maat ons is bly vir die wending
Villa Nuus, jou lekker, lekker ding..

*Corrie Vermeulen Eenheid 18*

*If you want to be happy, do not dwell on the past, do not worry about the future, focus on living fully in the present.*



# Desember Vakansie

**Hier is 'n paar van ons inwoners wat hulle vakansie buite ons landsgrense gaan hou.**





Charlotte Willemse
(Eenheid 1302)
gaan New Zealand toe



Danie en Doreen (Eenheid 164)
gaan na 'n SPA toe.




Bettie Booy (Eenheid 205)
gaan Australië toe vir haar kleindogter se troue.



Poppie Minnaar
(Eenheid 276) gaan
Bara Beach toe

*Ek het vir my tasse gesê; "hierdie jaar kan ons nie met vakansie gaan nie". Nou sit ek met emosionele bagasie!*




Poppie Minnaar
Henry & Joy (Eenheid 66)
gaan Mosambiek toe.







Shenine en Zian
Gaan saam oupa & ouma Eloff wildtuin toe.
(Eenheid 141)










# Philip Venter - Johan Reyneke

Philip (96) is in Marico distrik gebore. Sy laerskool jare was in 'n tweeman plaasskooltjie. Na st. 6 is hy na Hoërskool Zeerust, waar hy aan die einde van 1947 gematrikuleer het.

Onseker oor waarvoor hy hom moet bekwaam, het 'n familielid voorgestel dat hy in Kitwe in Noord-Rhodesia in die kopermyne moet gaan werk, maar sy moeder het botweg geweier.

"My broer het my vergesel na die Staatsdiens-geboue in Pretoria. Ek wou vir Bosbou gaan werk, maar my broer het vir my beter vooruitsigte in Naturellesake gesien. Ek het my opleiding as landdros gedoen. In 1954 is ek, as aanklaer in die landdroshof, na Eshowe".

"Ek was ook 'n tyd lank Sekretaris van die Department van Justisie van Gazankulu en het daar as hooflanddros uitgetree".

Philip was op skool 'n kranige atleet. Sy rugby loopbaan het van 1944 tot 1959 gestrek. Hy het ook Natal proewe gespeel. Na hul troue in 1958, het Philip en Gerrie saam rolbal begin speel. Later het hulle in Nylstroom, gedurende November 2006, die gemengde pare kompetisie gewen. Sedert 2021 is Philip en Gerrie woonagtig in Bougainvilla Aftree-oord.





# Resepte

(Antonette 4008)

## **Griekse Klapper Tert** –

Heerlik & maklik

Room goed; 125g Margarien, 250ml Suiker en 3 eiers
Voeg by 500ml klapper.

Sif saam : 250ml koekmeel, 3teelepels bakpoeier en Sout
Meng alles met 250ml lou warm melk.
Gooi mengsel in 2 gesmeerde panne.
Bak 25-30min teen 180°C.

Wanneer gaar, gooi die volgende stroop oor (die stroop moet tot op kookpunt gebring word): 1 koppie suiker, 1 ¼ koppie water en 1 teelepel vanilla.
Bedien met styfgeklopte room




Style your home!

INTERIOR WORX

EST: 1995

082 776 3907

inreriorworxsa

Manufacturing and Supply:

- Curtains
- Furniture
- Couches
- Carpets
- Blinds





# Arbeidsake

Werkgewer en werknemer verhoudinge in Suid Afrika word deur 'n hele rits wette beheer. Die twee mees bekendes is die Wet op Basiese Diensvoorwaardes en die Wet op Arbeidsverhoudinge. Die eerste bepaal reëls en regulasies gemik om praktyke in die werksplek te beheer. Die tweede is bepalend van die verhouding tussen die werkgewer en die werknemer en stel instansies in om dit te beheer. Baie huisbewoners en eienaars maak gebruik van tuin en huiswerkers sonder om bedag te wees op moontlike probleme vorentoe.

In die eerste instansie is dit belangrik om die definisie van 'n werknemer regstegnies te verstaan. Die wetlike definisie is " enige persoon, behalwe 'n onafhanklike kontrakteur, wat vir 'n ander persoon, of die staat, werk en wat vergoeding ontvang of daarop geregtig is. Dit is verder ook belangrik om daarop te let dat werknemers minder as 24 ure per maand vir die werkgewer werk van sekere voorskrifte uitgesluit is.

Alle ander werknemers moet vir Werkloosheidversekering geregistreer word en behoort indiensnemingskontrakte en betaalstate te ontvang wat sekere voorgeskrewe inligting moet bevat. Hulle kwalifiseer dan ook vir etenstye, oortyd, rusperiodes, verlof, siekverlof, minimum lone en alle ander regte en voordele soos deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes voorgeskryf.

Meer inligting volg in die volgende uitgawe van Villa Nuus.



*Corrie Vermeulen Eenheid 18*




# Koos & Miemie Steyn

Koos is 95 en Miemie 90. Albei is gebore en getoë in die Kalahari en het skool gegaan op Daniëlskuil en Olifantshoek. Hulle oë vonkel van lewenslus terwyl hulle grepe uit hulle verlede vertel.

Hulle het mekaar deur familie ontmoet en is in 1950 op Olifantshoek getroud. Eers het hulle by Koos se ouers geboer en daarna by sy broer.

In die Kalahari was staatsgronde te koop aangebied en Koos het die plaas, Sandkuie, gekoop. Die plaas was 8500ha groot. Daar was geen lyndrade, boorgat of huis nie. Die grond wat aan hom toegeken is, was 130km van Olifantshoek en slegs 'n twee-spoor sandpaadjie het daarheen gelei. Hulle moes die laaste 4km self met wa en donkies maak tot op Sandkuie.

Koos se pa het vir hulle 'n boorgat op Sandkuie gesink en in 1955 het hulle met twee kindertjies, driejarige Tjaard en nege maande oue Santa met 'n donkiekar vir agt dae vanaf Olifantshoek die wilde Kalahari ingetrek na hulle nuwe plaas. Hulle het 300 skaap en 30 bees saamgeneem. Die skaap het later feitlik almal doodgegaan en ses van die beeste is deur weerlig doodgeslaan. Hulle het tussen baie wilde diere soos tiere, rooikatte, jakkalse, gemsbokke en springbokke deur getrek. Dit was eers Boesmanwêreld, waarvan daar oral bewyse was soos tekeninge, kraaltjies en handgemaakte gereedskap. Later is die skape wat oorgebly het vir 70 sent verkoop. Op die plaas aangekom het hulle vir nege maande in 'n weermagtent gebly. Dit was maar moeilik in wind en weer. In die winter was die tent kliphard gevries. Al die diere moes bedags goed opgepas word en snags in krale langs die tente gehou word om hulle teen die wilde diere te beskerm.

Koos en sy neef, wat saam met hulle getrek het, het self stene begin maak om vir elkeen 'n huisie te bou. Hulle het room verkoop en een maal per week met 'n donkiekar tot die naaste busstasie 90km vandaar vervoer. Hulle was altyd net betyds terug om die volgende week se melkkanne weg te neem. Die totale inkomste per maande was R20.

Later het hulle weer met skape begin boer. Dit het so goed gegaan dat Koos 'n vragmotor kon koop. Hy het self die slagskape 1000km na City Deep in Johannesburg vervoer. Van 1960 tot 1975 het hy ook met karakoelskape geboer. Op die plaas was ook al ses boorgate, 30 kampe en 'n gruispad tot by Kurumansrivier.

Hulle twee kinders, Tjaard en Santa het skool gegaan op Olifantshoek. Hulle moes van kleins af in die koshuis bly, omdat die skool so ver van die plaas was. Hulle derde kind, Madeleen, is in 1966 gebore. Koos kon toe 'n huis op Olifantshoek koop, waar hulle naweke kon tuis gaan.

Dit het so goed gegaan, dat Koos ook die plaas, Will, naby Olifantshoek kon koop.

Miemie vertel dat hulle verseker nie net gewerk het nie. Oor naweke het hulle in die Kalahari van plaas tot plaas getrek, jukskei gespeel, gebraai en opskoppe gehou.

Hulle het ook wonderlike prestasies behaal! Reeds oor sestig, het Miemie vier medaljes vir landlope behaal en die skyfskiet-beker drie jaar agtermekaar verower. Sy is vandag nog 'n goeie skut!

Na 'n nederige begin, harde werk, baie deursettingsvermoë en bo alles die beskerming en seën van hul Hemelse Vader, het hulle in 2008 besluit om af te tree en woon hulle sedert 2014 in Bougainvilla Aftree-oord.



"nederigheid, harde werk en deursettingsvermoë"

# Pearl Ukosi



My husband passed on and I was left alone in Nelspruit. If it wasn't for Aunty, my helper, who kept me company from Monday to Friday I wouldn't have coped. During the weekend I was alone and sometimes I would faint.

My sister stays in Pretoria, so I decided to ask for her assistance in finding a place I could call home ...I wanted a classy and secure place. There was an advertisement wedged into my gate and I only noticed it when I locked the gate to come to Pretoria. It was an advertisement that showed the launching of Bougainvilla Retirement Village: I took it and put it in my handbag.

My sister took me to many places, but I didn't like them. When one views so many houses and flats you are exhausted. I remembered the advertisement in my handbag and showed it to my sister. She hadn't heard about Bougainvilla Retirement Village, but luckily we could call the number and were given directions to the building site.

Once we arrived we were shown the show houses and flats. I absolutely loved what I saw. I said, "This is it!" I want to buy and stay here. Albie was the salesman who assisted me. After the documents were signed I showed Albie the advert I found in my gate in Nelspruit, he said that they never advertised in Nelspruit.

Now tell me WHO? How did it get there? Only God knows. I'm here and I'm happy- Hallelujah glory be to GOD!

I have not fainted since I became a resident of Bougainvilla Retirement Village..... I am home!!

## 40 Jaar Gelede

40 jaar gelede was ouers streng en kinders bang/versigtig vir hulle. Vandag is kinders ongekunsteld en ouers bang vir hulle!

40 jaar gelede was kinders sag met hul ouers. Vandag moet ouers sag met hul kinders wees.

40 jaar gelede wou almal kinders hê. Vandag is baie mense bang om kinders te hê.

40 jaar gelede het kinders hul ouers gerespekteer. Nou moet ouers hul kinders se onbeskoftheid aanvaar.

40 jaar gelede was die huwelik maklik, en egskeiding was bitter moeilik. Deesdae is dit moeilik om te trou, maar egskeiding is só maklik.

40 jaar gelede het ons al die bure leer ken. Nou is ons vreemdelinge vir ons bure.
40 jaar gelede moes mense baie eet omdat hulle die energie nodig gehad het om hard te werk. Vandag is ons bang om vetterige kosse te eet uit vrees vir cholesterol.

40 jaar gelede het dorpenaars na die stad gestroom om werk te kry.Nou vlug die mense uit die stede weg van die stres, om vrede te vind.

40 jaar gelede wou almal vet wees om gelukkig te lyk...deesdae dieet en gym almal om gesond te lyk.
40 jaar gelede het ryk mense voorgegee dat hulle arm is. Vandag maak die armes of hulle ryk is.
40 jaar gelede het net een persoon gewerk om die hele gesin te onderhou. Vandag moet almal werk om een kind te onderhou.

40 jaar gelede het mense daarvan gehou om te studeer en boeke te lees...nou hou mense daarvan om 'n Facebook fasade te leef en whatsapp-boodskappe te lees

Magda van Zyl (Eenheid 143)

# Hobby

I started control line flying in 1956, but nothing seriously. I just planned to fly Baby Bee, Ed Racer, Fox 35, and Os Max models. Models were covered with Japanese silk dope. I First built the OS Pixy single channel Radio in 1960 and then got a Galloping Ghost, 6 Channel Spreng Brook Radio joined DMAC (Durban).

In 1964 I started flying pattern and later engaged in judging pattern flying. In 1974 I judged the local championships and the Durban Nationals. I started a model club in Mtunzini, KZN. Then moved to Zambia for three years and in 1978 started a club in Lusaka and managed it till 1981.

I tried helicopters. Got a Kavan Alloit, but did not succeed. They were not as modern as today's choppers models.

I returned to RSA in 1981 and started a Model Flying Club in Brits. In 1994 I joined Barnstormers Flying Club. In 1998 I was selected to the committee where I served as Vice Chairman, Chairman and Secretary for 18 years.

In 2012 I started to judge the control line competitions. I was selected to manage the 2020 world team in Poland, but never went as Covid put an end to that.

So today, 3 October 2024 at the age of 81 years and 7 months, I still enjoy and judge control line flying and also judge and evaluate the Fixed Wing proficient ratings for Solo, Bronze, Silver, Gold and Instructors.

John Withers (Unit 82)



The comparison between a 55cc model engine and a matchbox.

# Dag van die ooms

(Geskryf deur
Dana Snyman en deur gegee deur Susan Spangenberg)



Iewers anderkant Strydenburg, suid van Kimberley, draai ek weg Vosburg toe, grondpad, die vaaltes in. 'n Stil agterpad deur die ooptes gee jou die geleentheid om dinge in jou kop rustig te sit en uitsorteer.

Dit is 'n paar dae ná Pa se begrafnis en ek is van Ventersdorp af op pad terug Jacobsbaai toe. Huis toe. Vaderloos.

'n Ent verder, so 20 km van Vosburg af, is 'n padskraper besig om die pad te skraap, 'n seldsame gesig deesdae in die land.

Die jong kêrel in die blou oorpak agter die stuurwiel waai en ek waai terug, en ek onthou 'n era toe byna elke padskraper in die land deur 'n man in 'n wit stofjas bestuur is. 'n Oom.

Hulle het dikwels saam met hul gesinne in 'n administrasie-woonwa in 'n padkamp aan die rand van die dorp gewoon, hierdie padskraperooms.

Baie van hulle het op vyftig al krom gestap, want die dag ná dag se gesit en stamp in die padskraper het 'n man se rug en niere sleg opgefoeter.

Pa se dood laat my opnuut oor hierdie ooms van die land dink. Pa was so 'n oom. Hy het graag Grasshopper-skoene gedra, in sy broeksak was altyd 'n knipmes, en om sy pols 'n horlosie wat jy moes opwen. By sy hemp se bosak het dikwels 'n Parker-pen uitgeloer, en hy het sy hare in 'n kantpaadjie gekam, selfs toe hy bles begin raak het.

Hy het al die jare as predikant plattelandse siele bearbei, maar van die ander ooms was padskraperdrywers, of hulle het boorgate geboor of met velle gesmous.

Daar was ook stasiemeesters en vragmeesters en posmeesters en vee-inspekteurs. Van hulle was ook volksraadslede, sakemanne, prokureurs en stadsklerke.

Party dokters was ook maar ooms – ooms in wit safaripakke, wat maklik laatnag in 'n Mercedes 280 S die donker in ry om na 'n koorsige kind te gaan omsien.
Hulle was hóé lank die heersers van die land, hierdie ooms. Maar nou is hul tyd aan die verbygaan: die Nasionale Party-bewind het plek gemaak vir 'n nuwe bedeling, tradisionele kerke loop leeg en sluit, stasiegeboue staan kosynloos en dakloos in die weer en wind, dokters word uit Kuba ingevoer.

En 'n burgemeester is deesdae 'n voltydse werk, een waarvoor die ooms nie meer in aanmerking kom nie.

Die ooms word die een ná die ander begrawe, of hulle sit op hul dorpshuise se stoep of op hortjiesbanke in die ouetehuis se tuin, met hul knobbelrige hande op hul kieries.

Op Vosburg hou ek by oom Awie Smit – hoe kan ek by oom Awie verbyry – stil. Die plaaslike motorwerktuigkundige. 'n Motorwerktuigkundige soos oom Awie is ook een van hierdie ooms soos Pa. Ooms aan wie se hande dikwels, soos in oom Awie se geval, 'n vinger of twee makeer. Ooms wat so 'n lang, onheilspellende fluit gee wanneer hulle 'n stukkende enjin sien, en wie se moersleutels teen hul werkwinkels se muur hang, elkeen se gebied met viltpenstrepe afgekamp. Ooms wat 'n hele distrik se rygoed aan die loop hou en gehou het.

Die middag is al aan die silwer raak toe ek die pad van Vosburg af Carnavon toe vat. Ek probeer radio luister, maar ek kan nie ophou om aan Pa en die ander ooms te dink nie. Vroom ooms wat hul gebede in die kerk begin het met: "Dierbare, almagtige Hemelse Vader. Ons staan vandag hier voor U en ons word klein . . ." Ooms wat tot die plaaslike kommando behoort het en 'n 303 of 'n Mauser in die hangkas gehou het. Ooms wat 'n bok geskiet en self afgeslag, opgesny en die biltong aan stringe bloudraad tussen die balke in die motorhuis gehang het om droog te word.

Baie van hierdie ooms was meesters van vaardighede waaraan daar al minder 'n behoefte was: hoe om 'n sweep te vleg, hoe om 'n hondjie se stert af te sny, hoe om 'n kar se vergasser te bloei, hoe om 'n lemoen of 'n appel met 'n knipmes af te skil. Party kon soos 'n tortelduif fluit deur hulle hande bak voor hul mond te hou. Ander het kinders vermaak deur hul valstande uit te haal en gesigte te trek.

Al dieper die binneland in ry ek, en die nag kom nader, en dit voel of al daardie ooms by my in die bakkie is om my deur die donker te help.

"Móét pa's dan sterf om vir hul seuns te lééf," onthou ek weer Hennie Aucamp se woorde in sy kortverhaal, "Nag van die ooms".

Hulle was nie almal vlekkeloos nie, hierdie ooms. Baie het gestem vir landswette wat pyn en swaarkry vir ander gebring het. Hulle het kerklike sensuur uitgeroep oor mense wat dalk eerder naasteliefde nodig gehad het. Party het 'n skelm bottel brandewyn in die gereedskapkis aangehou, en ander het hul naaste se vrou en se os en se esel begeer.

Kortom: Hulle was alte menslik, hierdie ooms. Maar hulle was trots en hardwerkend, want hulle het geglo in die sweet van jou aangesig sal jy jou brood verdien. En hulle was spaarsamig; en hoe ouer hulle geword het, hoe meer het hulle die stories oor die armoede van hul jongdae vertel, hoe hulle deur die ryp skool toe gestap het en onderbroeke gedra wat hul moeders van meelsakke gemaak het.

Die werke van hierdie ooms se hande is oral in die land te sien: die huise en die skure en krale wat hulle gebou en laat bou het. Die paaie, die brûe, die treinspore, die damme, die leivore. Die kerke en kerksale. Die drade wat gespan is, die drukgange en laaibanke wat opgerig is. Die kweperlanings wat hulle geplant het.

Hulle het saans vroeg gaan slaap en soggens vroeg opgestaan, hierdie ooms. Hulle het hul tiendes vir die kerk gegee en kinders versorg en van lente na somer na winter na herfs geleef en gesterf sonder enige groot openbare erkenning. Hulle het geglo hulle sal hul beloning in die hiernamaals kry.

Dalk is Hennie Aucamp reg: Eers wanneer die lewendes nie meer daar is nie, kan dié wat oorbly hulle na waarde skat.

## Dankie


Spesiale dank aan Jan Buter vir die vertroue wat hy in die redaksiespan gestel het. Dinie Roets en Magda van Zyl vir hul steun en aanmoediging. Julle tyd was van onskatbare waarde. Aan Dana Lamprecht vir haar positiewe en spontane wyse waarmee sy insette gelewer het. Laaste maar nie die minste nie, aan Martie Maree van BM Graphics wat verantwoordelik was vir die finale uitleg en Spektrum drukkers vir die drukwerk.


Ellen du Toit
Huis 174
Petro Snijman
Eenheid 5104
Lettie Jansen v. Rensburg
Huis 289
It's good to feel @ home
Herman & Annelle Lubbe
Huis 30
Property.CoZa®
Verwelkom ons nuwe Intrekkers


Let me help you answer all those property related questions.
Rent, Buy or Sell #MONTANA
I have many years of experience to share with you, let me help you with the process.
#Gerda Dafel 076 776 8001
Property.CoZa®
It's good to feel @ home

Humor

# GOOD LAUGH




**Ek hou van gewig verloor, maar ek hou nie van verloor nie.**




'n Paartjie word wakker 3 uur in die oggend deur 'n harde geklop. Die man staan op en gaan maak die deur oop waar 'n dronkie in die gietende reën staan en sê hy het iemand nodig om hom te help stoot.
"Dit sal die dag wees." sê die man. "Dit is drie uur in die oggend."
"Wie was dit?" vra sy vrou.
"Net'n vreeslike dronk man wat iemand soek om hom te help stoot."
"Het jy hom gehelp?" vra sy.
"Nee, dit is drie uur, en dit sous daar buite!"
Vrou: "Onthou jy drie maande terug toe ons kar gebreek het en daai twee ouens ons gehelp het?"
Die man besef sy vrou is reg en gaan uit in die gietende reën en roep:"Het jy nog iemand nodig om jou te stoot?"
"Ja, asseblief." Kom die antwoord uit die donkerte.
"Waar is jy?" vra die man.
"Hier op die swing." antwoord die dronkie.

## SENIOR CITIZEN
### TEXTING CODES
(Funny)

**ATD** - At The Doctors
**BFF** - Best Friend Fell
**BTW** - Bring The Wheelchair
**BYOT** - Bring Your Own Teeth
**FWIW** - Forgot Where I Was
**GGPBL** - Gotta Go Pacemaker Battery Low
**GHA** - Got Heartburn Again
**IMMO** - Is My Hearing-Aid On
**LMDO** - Laughing My Dentures Out
**OMMR** - On My Message Recliner
**OMSG** - Oh My! Sorry, Gas
**ROFLACGU** - Rolling On Floor Laughing and Can't Get Up

**TTYL**
- Talk To You Louder

# Speletjies GAMES

## SUDOKU 1

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | 9 | | | 8 | | |
| 3 | | 8 | | | | | 2 | 7 |
| | | | | | | | | |
| | | | | | | 5 | | 2 |
| | 7 | | 4 | | | | | 1 |
| | | | | | 2 | | 4 | |
| | 6 | | | | 4 | 7 | | |
| 2 | | | 8 | | | | 3 | |
| 5 | 1 | | | | 3 | | 6 | |

## SUDOKU 2

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | | | | | 7 | 5 | 1 | |
| | | | | | | 8 | | |
| | | | 6 | 5 | | | | |
| 1 | | 9 | | | | | | |
| | | 2 | 4 | 3 | | | | 8 |
| | | | | 8 | 6 | | | |
| 4 | | | 7 | | | | | 2 |
| | | | | | 1 | | | 6 |
| 3 | | 6 | | 4 | 5 | | | |

## BLOKRAAISEL 1

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | ■ | 5 | 6 | 7 | 8 |
| 9 | | | | 10 | ■ | 11 | | |
| 12 | | | | | 13 | | | |
| 14 | | | ■ | 15 | | | ■ | ■ |
| 16 | | | 17 | | | | 18 | 19 |
| ■ | ■ | 20 | | | ■ | 21 | | |
| 22 | 23 | | | | 24 | | | |
| 25 | | | ■ | 26 | | | | |
| 27 | | | | ■ | 28 | | | |

**Dwars**

1 Vir spek en

5 Jeru salemponie

9 Groot bok

11 Langtand

12 Vele hande maak

14 Mesdeel

15 Plegtige verklaring

16 Lewendige

20 Hoflys

21 Lomp en dik

22 Wegpakkery

25 Vroulike bok

26 Koraalgesang

27 Boosaardig

28 Ekke

**AF**

1 Keelvelle (hoend ers)

2 Houtsoort

3 S legte droom

4 Stuk pad

6 Stadsjapie

7 Aansien

8 Gat in dak

10 Behoorlik

13 Gras vreet

17 Ongekook

18 Rekening (argaïes)

19 Weerklanke

22 … wes, tuis bes

23 Bondel gras

24 Buike